



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2012

RELIGIESTUDIES V1

PUNTE: 150

TYD: 2 uur



Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.
AFDELING A : VERPLIGTEND
AFDELING B : Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling.
2. Lees AL die vrae noukeurig deur voordat jy dit beantwoord.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A**VRAAG 1 (VERPLIGTEND)**

- 1.1 Kies die korrekte woord uit die wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 1.1.1 In die (Zoeloe/Pedi/Sotho/Nguni)-voorvader rituele word die voorvaders opgeroep volgens die orde van hul ouderdom. (2)
- 1.1.2 Boeddhiste-leringe is bekend as die (Bhikkus/Tripikata/Karma/Kanon). (2)
- 1.1.3 In die Christendom sweer die (Protestantse/Ortodokse/Katolieke) priesters om nooit die belydenisse wat aan hulle gemaak is bekend te maak nie. (2)
- 1.1.4 Die heilige skrif van Judaïsme is die (Bybel/Koran/Vedas/Tanach). (2)
- 1.1.5 Die LEIER van Islam word 'n (Kalief/Priester/Pastoor/Rabbi) genoem). (2)
- 1.2 Definieer kortliks die volgende konsepte in die konteks van godsdiens:
- 1.2.1 Doktrine (2)
- 1.2.2 Dogma (2)
- 1.2.3 Ideologie (2)
- 1.2.4 Gelykenis (2)
- 1.2.5 Mite (2)
- 1.3 Verduidelik die verskil tussen godsdienstige *leringe* en *gelowe*. (4)
- 1.4 Noem die DRIE vertakkinge van Boeddhisme. (6)
- 1.5 Verduidelik die konsep *godsdienstsvryheid*. (4)
- 1.6 Noem enige DRIE gemeenskaplike kenmerke wat deur die Abrahamitiese gelowe, (Judaïsme, Christendom en Islam) gedeel word. (6)
- 1.7 Kies 'n item uit KOLOM A wat pas by die woord/beskrywing in KOLOM B. Skryf slegs die letter (A – E) langs die vraagnommer (1.7.1 – 1.7.5) in jou ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.7.6 F

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---------|------------|---------|--|
| 1.7.1 | Ateïsme | A | Geloof dat enige aksie 'n gevolg het. |
| 1.7.2 | Politeïsme | B | Bevryding van lyding in Boeddhisme. |
| 1.7.3 | Karma | C | Geloof in baie gode. |
| 1.7.4 | Meditasie | D | Ontkenning van die bestaan van God. |
| 1.7.5 | Nirvana | E | 'n Wye verskeidenheid van geestelike oefeninge om godsdienstige resultate te bereik. |

(5 x 2) (10)

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die vier vrae uit hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Bespreek kortliks die rol van voorvaders in die Afrika Tradisionele Godsdiens. (8)

2.2 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg:

Godsdienste is nie net verskillend van mekaar nie, maar daar is ook interne verskille binne godsdienste self. Alhoewel ons geneig is om van Afrika Tradisionele Godsdiens te praat asof dit 'n enkele godsdiens is, word dit in werklikheid uitgemaak deur baie gemeenskappe wat verskillende gelowe en praktyke bestaan.

[Bron: Focus on Religion Studies Grade 12, R. Donne et al, bl.4]

Bespreek die interne verskille wat binne enige EEN van die volgende godsdienste bestaan:

- Islam
- Christelike godsdiens (12)

2.3 Verduidelik kortliks die volgende konsepte in die konteks van godsdiens:

2.3.1 Vergelykbaarheid (6)

2.3.2 Eendersheid (6)

2.3.3 Verskillendheid (6)

2.4 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg:

Die dinge wat godsdiens uniek maak kan sosiaal baie verdelend wees. Mense kom tot die geloof dat daardie aspekte wat waar is, en dat aspekte van ander godsdienste waarmee hulle nie saamstem nie, vals is en daarom is hulle godsdiens verhewe bo ander godsdienste. Met ander woorde, dit is die "uniekheid" wat die meeste moeilikheid tussen godsdienste kan veroorsaak.

[Bron: Shutters Religion Studies Grade 12, Hofmeyr et al, bl.123]

Noem DRIE unieke kenmerke van elk van die volgende godsdienste:

2.4.1 Hindoeïsme (6)

2.4.2 Judaïsme (6)

[50]

VRAAG 3

3.1 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg:

Mites, oortuigings/gelowe, leerstellings/doktrines, dogma en ideologie is almal aspekte van godsdienstige leringe wat effens in betekenis verskil. Almal verwys na die intellektuele, rasionele of filosofiese gedeelte van godsdiens en na die kodering en oordra van godsdienstige betekenis en waarhede.

[Bron: Shutters Religion Studies Grade 12, Hofmeyr et al, bl.8]

In die lig van die uittreksel hierbo, bespreek kortliks die volgende konsepte soos van toepassing in godsdienstige leringe:

3.1.1 Geloof (10)

3.1.2 Mite (10)

3.2 Noem die VYF PILARE van Islam. (10)

3.3 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg:

Daar is baie verskillende maniere hoe 'n persoon godsdienstig kan wees. Alhoewel daar sommige mense is wat nie aan 'n godsdienstige gemeenskap behoort nie, is hulle steeds besorg oor dinge soos die siel en gees. In teendeel, sommige het gesê dat die menslike behoefte vir geestelikheid universeel is.

[Bron: Focus on Religion Studies Grade 12, R. Donne et al, bl.72]

In die lig van bostaande verklaring, bespreek enige sekulêre wêreldsiening en verduidelik sy siening oor godsdiens oor die algemeen. (10)

3.4 "Inspirasie is baie belangrik vir godsdiens in die algemeen". Bespreek. (10)

[50]

VRAAG 4

4.1 Lees die volgende aanhaling en beantwoord die vraag wat volg:

Respek vir die regte en waardigheid van ander is nie 'n onpraktiese godsdienstige idee nie, maar 'n noodsaaklike bestanddeel in die ontwikkeling van gesonde, vry en welvarende gemeenskappe.

[Bron: Focus on Religion Studies Grade 12, R. Donne et al, bl.78]

In die konteks van die aanhaling hierbo, dui aan hoe godsdiensvryheid in die samelewing aangemoedig word.

(12)

4.2 Die leerstelling van reïnkarnasie is algemeen in beide Hindoeïsme en Boeddhisme. Bespreek hierdie leerstelling.

(8)

4.3 Lees die volgende skrifte en beantwoord die vraag wat volg:

Geseënd is hy wie na die armes omsien; God sal hom uit help in die dag van nood.

Psalm 41:2

... laat die ryk man die een wie hulp soek bevredig...

Rig Veda 10.11

Armoede is 'n universele probleem. Bespreek die siening van die volgende godsdienste oor hoe om die probleem van armoede aan te spreek.

4.3.1 Hindoeïsme

(8)

4.3.2 Christelike geloof

(8)

4.4 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vraag wat volg:

Godsdienstige stories kom al hoe meer in die media voor, maar die algemene houding by die netwerke skyn te wees dat dit net 'n goeie storie is as dit geloof in 'n negatiewe lig stel, of as dit politieke omstredenheid uitlok.

[Bron: Religion Studies Grade 12, Steyn et al, bl.220]

Dink jy dat daar konflik tussen godsdiens en die media bestaan?

Motiveer jou antwoord met ten minste EEN voorbeeld van werklike gebeure.

(14)

[50]

VRAAG 5

5.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg:

Na die Tweede Wêreldoorlog was die Jode vasberade om hul eie land te hê. Hulle het geleidelik grond gekoop en 'n stuk van die Midde-Ooste, wat hulle Israel genoem het, verower. Deur 'n aantal oorloë wat hoofsaaklik deur omliggende Arabiese state begin was, het die Jode die grense, van wat hulle Israel genoem het, uitgebrei. Vir baie Moslems moes die hele gebied nog steeds Palestina genoem word. 'n Stryd vir grond en beheer het aanhoudend in die gebied uitgebreek.

[Bron: Religion Studies Grade 12, Donne et al, bl.199]

- 5.1.1 Watter TWEE godsdiensgroepe is in konflik in die gebied? (4)
- 5.1.2 Dink jy dat godsdien die werklike probleem in hierdie konflik is? Gee redes vir jou antwoord. (10)
- 5.1.3 Verduidelik hoe godsdien deel kan wees van die oplossing om konflik in gebiede wat deur geweld geraak word, te voorkom. (10)
- 5.2 Noem die verskil tussen 'n tradisionele geneser (Inyanga) en 'n waarsêer (Isangoma). (8)
- 5.3 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vraag wat volg:

Alle godsdienste plaas beperkinge op hulle volgelinge, en alhoewel hulle leringe hoë status aan mense gee, plaas hulle ook beperkinge op mense. Dus word daar gewoonlik in godsdienstige kringe aan die begrip verantwoordelikheid net soveel klem gegee as aan menseregte. Dit word beklemtoon dat daar geen regte sonder verantwoordelikhede kan wees nie.

[Bron: Religion Studies Grade 12, Steyn et al, bl.08]

- Wat verstaan jy onder die term *verantwoordelikheid*? (8)
- 5.4 Bespreek kortliks die verskil tussen godsdien en wetenskap. (10)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 100

GROOTTOTAAL: 150